NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

PROGRAM VIR DIE WEEK
1 Augustus 2021

Baie welkom by ons Erediens.
Ons dienste word ook om 10:00 regstreeks op InVia se Facebookblad en Zoom uitgesaai.

ZOOM Skakel:
https://us02web.zoom.us/j/86561322626?pwd=d0FBT214T2tQUzU0MnRST1RTcFc0dz09
Meeting ID: 865 6132 2626 *Passcode: Kaapstad*

10:00 Pierre du Plessis - InVia Kaapstad
Teks: Johannes 6:23-35 (1953)
Tema: Waar vind ek lewe?

Liewe Gemeente

Ons het gehoop dat ons vandag die in-persoon eredienste sou hervat. InVia se musiekbegeleier, Frieda van den Heever, se man is egter aan Covid-komplikasies oorlede. Een van die dokters op InVia se kerkraad het ons ook om eerder nog te wag voordat ons met in-persoon dienste begin. Sy is van mening dat die Wes-Kaap nog nie hulle piek van infeksiesyfers bereik het nie. Die meeste jonger lidmate is ook nie nog nie ingeënt, soos van ons ouer lidmate nie. Ons eerste in-persoon diens sal dus Dinsdag 3 Augustus om 10:00 by Huis Lückhoff en op Sondag 8 Augustus in die kerkgebou plaasvind.

Ons is deurgaans besig om die kerk op te ruim. Baie van ons verkope kon die afgelope 18 maande nie plaasvind nie. Ons het by die kantoor besluit om van die klere en ander items in die saal uit te pak en op deurlopende basis verkope te hou, bykans soos 'n mark waar mense kan inkom en uitsoek wat hulle wil hê en dan by een punt betaal. Wanneer jy dus jou vetkoek Vrydag 6 Augustus kom afhaal, maak gerus 'n draai in die saal.

Dankie vir julle ondersteuning aan mekaar in hierdie dae. Dankie vir finansiële bydraes sodat ons met bediening kan voortgaan. "Wag op iets beters is absurde hoop wat die hoopmeter vries, stil laat staan. Herskeppende, daadwerklike hoop lê in realistiese peiling én waardering van pynlik stadige verandering. Én die ingesteldheid om goeie nuus, die beter nuus, te soek én te maak – op eie werf, hoe groot of hoe klein dit ook is." Wilhelm Jordaan in Die Burger (28/07/21).

Groete in Christus
Dr Johan van den Heever

Vetkoek en Maalvleis: 6 Augustus
Vetkoek met vulsel @ R25 elk
Ongevulde vetkoeke @ R10 elk

Ons inkomste van die vetkoek-verkope gaan ten opsigte van ons jaarlikse "*Basaar-inkomste*." Dankie vir elkeen wat ons Kerrie en Rys verkoping ondersteun het. Elke bietjie help. Ons gaan so voortgaan, om een keer per maand, 'n wegneemete te verkoop. As jy nie vetkoek eet nie en steeds wil bydra, is jy welkom!

VETKOEK
EN MAALVLEIS
Vrydag: 6 Augustus

R25 elk

Plaas jou bestelling so gou moontlik.
Ester 083 664 6340
Koos 083 765 3302

Herstel aan Kerkgebou
Steundienste het op 20 Julie vergader en is steeds besig om met kontrakteurs te onderhandel. Gabriel Fagan Argitekte is wel aangewys as die projek-toesighouers. Die Kerkraad het 'n bedrag van R1.7 miljoen vir die projek goedgekeur. Ons hou julle op hoogte van die vordering. Indien jy sou wou bydra ten opsigte van hierdie projek, kan jy die woord "Boufonds" as verwysing gebruik. Kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

1 Augustus 2021 Tiende Sondag in Koninkrykstyd	Efes 4:1-16	Die eenheid van die kerk
	2 Sam 11:26-12:13a	Dawid se straf oor Batseba
	Ps 51:1-12	Neem my sonde weg
	Joh 6:24-35	Brood uit die hemel

[3]Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! [4] Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! PSALM 51:3-4

Die "Woeker-Wekker" lui!

Ons herinner weer lidmate wat met uitreik projekte besig is dat daar moontlike fondse hiervoor beskikbaar is. Die beginsels is as volg: Dié projek moet oor mense in nood gaan.
'n Gemeentelid moet dan saamloop en deurgaans oor die projek verslag doen. Kom ons maak 'n verskil! Skakel gerus ons kantoorpersoneel vir meer inligting.

Gebedsversoeke vir die week:

Neill Marais (Snr) - Stamseloorplanting
Ekin Kench - Huis Lückhoff - (Brandwonde)
Gwen Gaffley - Hospitaal (Brandwonde)
Susan Rabe - Beroerte - Sterk tuis aan
Kom ons bid en ondersteun mekaar.

Bydraes vir Julie 2021

Dankoffers:
R65 871
(Mikpunt: R54 000)
Erediensoffers:
R 1 600
(Mikpunt: R12 000)

SnapScan
Snap here to pay

Baie dankie vir elkeen se bydrae. Met die nuwe inperking daal ons kontant Erediensoffers. Indien moontlik, sal jy oorweeg om steeds jou Erediensoffer en Deuroffers, via SnapScan of EFT in ons rekening in te betaal. Ons rekening-besonderhede verskyn op die voorblad van ons Bulletin en Rondebossie.

***Mag die Here julle* seën.**

Verjaarsdag vir die week
Vasti Swart 3 Aug
Baie geluk met jou verjaardag!

Program van die week

Dinsdag:
10:00 HL Erediens
18:00 Aanbiddingsbediening by Kerkkompleks

Neem asb kennis dat die Huis Lückhoff erediense vanaf 3 Augustus hervat word. Hoop ons sien jou daar!